

Singend getuig van God

Wat opvallend is van hierdie lied wat die Israeliete sing, nadat hulle wonderbaarlik gered is, is dat God in die middelpunt daarvan staan. Die eer word aan die Here gegee, Hy het hulle verlos.

Moses en die Israeliete was baie bewus daarvan dat die Here hoog verhewe is, want toe die Egiptenaars hulle teen die see vasgedruk het, toe hulle die dood in die gesig gestaar het en geen uitkoms gesien het nie, het die Here ingegryp. Hy het hulle vyande vernietig. "Perd en strydwa het Hy in die see geslinger" (vs. 1). So getuig hulle singend van God.

Hierdie getuigenis het ook die ander volke se ore bereik. "Al die bewoners van Kanaän was lam geskrik" (vs. 15). Die magtige dade van die Here waarmee Hy Israel gered het, het hulle baie bang gemaak.

Besef u dat u net soveel en nog meer rede het om vandag singend te getuig van die Here wat ook tot ons redding gekom het? As gevolg van ons sonde is ons die ewige dood skuldig. Daar was vir ons geen uitkoms nie. Ons sou vir ewig gestraf moes word.

Maar nou kan elke gelowige ook juig en sing oor die magtige reddingsdade van Jesus Christus ons Verlosser, wat vir ons sonde betaal het. En wat is beter om tot sy eer te sing as dit wat Hy self vir ons gegee het:

"Dis Christus wat die skuld wou dra,
die dood vir ons gesterf het ja,
wat, opgewek, in glorie sit
en altyddeur vir ons wil bid" (Skrifberyming 10:2).

As u dit glo, sing dit dan ook met oorgawe, sodat dit as getuigenis sal dien van God se reddingsdade. Hy gee u deur sy Gees die krag om ook singend van Hom te getuig. Doen u dit?

Sing: Psalm 149:1, 2

Ds. JB du Plessis (Grootfontein/Tsumeb)